Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 675 | Cape Town Kaapstad | 17 September 2021 | No. 45179

THE PRESIDENCY

No. 567 — 17 September 2021

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 8 of 2021: Liquor Products Amendment Act, 2021

DIE PRESIDENSIE

No. 567 — 17 September 2021

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No. 8 van 2021: Wysigingswet op Drankprodukte, 2021

ISSN 1682-5845

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ]	Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
__________	Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 2 September 2021)

ACT

To amend the Liquor Products Act, 1989, so as to insert certain definitions and to amend and delete others; to provide for the renaming and reconstitution of the Wine and Spirit Board and to limit its powers; to provide for requirements regarding beer, traditional African beer and other fermented beverages; to repeal a provision in respect of the authorisations regarding certain alcoholic products; to empower the Minister to designate a person to issue export certificates; to align certain provisions with the Constitution; to extend the Minister's power to make regulations; to provide gender-equal terminology; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 60 of 1989

1. Section 1 of the Liquor Products Act, 1989 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of ''analyst'' of the following definition:

'' **'analyst'** means a person or institution designated under section 20 as an analyst **[or who is deemed to have been so designated]**;'';

(b) by the insertion after the definition of ''analyst'' of the following definitions:

'' **'Authority'** means the Wine Certification Authority established in terms of section 2;

'beer' means a product which meets the requirements referred to in section 6A;'';

(c) by the deletion of the definition of ''board'';

(d) by the substitution for the definition of ''class designation'' of the following definition:

'' **'class designation'**—

(a) in relation to wine, an alcoholic fruit beverage, beer, traditional African beer, other fermented beverage, a spirit, a grape-based liquor or a spirit-based liquor, means the prescribed designation or prescribed permissible alternative designation for a class thereof; and

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ]	Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui weglatings uit bestaande verordeninge aan.
________	Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordeninge aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 2 September 2021)

WET

Tot wysiging van die Wet op Drankprodukte, 1989, ten einde sekere omskrywings in te voeg en om ander te wysig en te skrap; voorsiening te maak vir die herbenaming en hersamestelling van die Wyn- en Spiritusraad en om sy bevoegdhede te beperk; voorsiening te maak vir vereistes aangaande bier, tradisionele Afrika-bier en ander gegiste dranke; 'n bepaling ten opsigte van die magtigings aangaande sekere alkoholiese produkte te herroep; die Minister te bemagtig om iemand aan te wys om uitvoersertifikate uit te reik; sekere bepalings met die Grondwet in ooreenstemming te bring; die Minister se bevoegdheid om regulasies te maak uit te brei; geslagsgelyke terminologie te voorsien; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 60 van 1989

1. Artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''alkoholinhoud'' in te voeg:

'' **'ander gegiste drank'** 'n produk wat voldoen aan die vereistes in artikel 6C bedoel;'';

(b) deur die omskrywing van ''beampte'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'beampte'** 'n **[beampte]** werknemer soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet, **[1984 (Wet No. 111 van 1984)] [, en ook 'n werknemer soos aldus omskryf]** 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994);'';

(c) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''beherende amptenaar'' in te voeg:

'' **'bier'** 'n produk wat voldoen aan die vereistes in artikel 6A bedoel;'';

(d) deur die omskrywing van ''departement'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'departement'** die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye;'';

(b) **[in relation to a specially authorised liquor, means the designation specified in a notice published under section 10; and**

***(c)*]** in relation to any other liquor product in respect of which an import certificate has been issued, means the designation specified in such import certificate;'';

(e) by the deletion of the definition of ''container'';

(f) by the substitution for the definition of ''department'' of the following definition:

'' **'department'** means the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries;'';

(g) by the substitution for the definition of ''liquor product'' of the following definition:

'' **'liquor product'** means—

(a) wine;

(b) an alcoholic fruit beverage;

(c) beer;

(d) traditional African beer;

(e) other fermented beverage;

(f) a spirit;

(g) a grape-based liquor;

(h) a spirit-based liquor; and

(i) any liquor other than a product mentioned in paragraph *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)*, *(g)* or *(h)*, in respect of which an import certificate has been issued;'';

(h) by the substitution for the definition of ''Minister'' by the following definition:

'' **'Minister'** means the Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries;'';

(i) by the substitution for the definition of ''officer'' of the following definition:

'' **'officer'** means an **[officer]** employee as defined in section 1 of the Public Service Act, **[1984 (Act No. 111 of 1984)] [, and includes an employee as so defined]** 1994 (Proclamation No. 103 of 1994);'';

(j) by the insertion after the definition of ''officer'' of the following definition:

''**'other fermented beverage'** means a product which meets the requirements referred to in section 6C;'';

(k) by the deletion of the definition of ''specially authorized liquor''; and

(l) by the insertion after the definition of ''this Act'' of the following definition:

'' **'traditional African beer'** means a product which meets the requirements referred to in section 6B;''.

Substitution of section 2 of Act 60 of 1989

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

''**Wine Certification Authority**

2. (1) There is hereby established an Authority to be known as the Wine Certification Authority, which shall be a juristic person.

(2) *(a)* The Authority consists of—

(i) 10 persons with the relevant knowledge, skills or expertise in viticulture, oenology, distilling, regulatory environment of the liquor industry, liquor production, food safety or microbiology, representing the participants to the schemes established under section 14: Provided that if a scheme deals with ethical trading standards, two of those persons shall be representatives of workers of participants to schemes;

(ii) three officers of the department nominated by the Director-General;

(e) deur die omskrywing van ''drankproduk'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'drankproduk'**—

(a) wyn;
(b) 'n alkoholiese vrugtedrank;
(c) bier;
(d) tradisionele Afrika-bier;
(e) ander gegiste drank;
(f) 'n spiritus;
(g) 'n druifbasisdrank;
(h) 'n spiritusbasisdrank; en
(i) 'n ander drank as 'n produk genoem in paragraaf *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)*, *(g)* of *(h)*, ten opsigte waarvan 'n invoersertifikaat uitgereik is;'';

(f) deur die omskrywing van ''houer'' te skrap;

(g) deur die omskrywing van ''klasbenaming'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'klasbenaming'**—

(a) met betrekking tot wyn, 'n alkoholiese vrugtedrank, bier, tradisionele Afrika-bier, ander gegiste drank, 'n spiritus, 'n druifbasisdrank of 'n spiritusbasisdrank, die voorgeskrewe benaming of voorgeskrewe toelaatbare alternatiewe benaming vir 'n klas daarvan; en

(b) **[met betrekking tot 'n spesiaal gemagtigde drank, die benaming vermeld in 'n kennisgewing kragtens artikel 10 gepubliseer; en**

***(c)*]** met betrekking tot 'n ander drankproduk ten opsigte waarvan 'n invoersertifikaat uitgereik is, die benaming in so 'n invoersertifikaat vermeld;'';

(h) deur die omskrywing van ''Minister'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'Minister'** die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye;'';

(i) deur die omskrywing van ''ontleder'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'ontleder'** iemand of 'n instelling wat kragtens artikel 20 as ontleder aangewys is **[of wat geag word aldus aangewys te wees]**;'';

(j) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''ontleder'' in te voeg:

'' **'Owerheid'** die Wynsertifiseringsowerheid ingevolge artikel 2 gestig;'';

(k) deur die omskrywing van ''raad'' te skrap;

(l) deur die omskrywing van ''spesiaal gemagtigde drank'' te skrap; en

(m) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''spiritusbasisdrank'' in te voeg:

'' **'tradisionele Afrika-bier'** 'n produk wat voldoen aan die vereistes in artikel 6B bedoel;''.

Vervanging van artikel 2 van Wet 60 van 1989

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Wynsertifiseringsowerheid**

2. (1) 'n Owerheid word hierby gestig wat as die Wynsertifiseringsowerheid bekend sal staan en wat 'n regspersoon sal wees.

(2) *(a)* Die Owerheid bestaan uit—

(i) 10 persone met die tersaaklike kennis, vaardighede of kundigheid in wingerdbou, wynkunde, distillering, regulerende omgewing van die dranknywerheid, drankproduksie, voedselveiligheid of mikrobiologie, verteenwoordigend van die deelnemers aan die skemas kragtens artikel 14 gestig: Met dien verstande dat, indien 'n skema met etiese handelstandaarde handel, twee van daardie persone verteenwoordigers van werkers van deelnemers aan skemas moet wees;

(ii) drie beamptes van die departement deur die Direkteur-generaal benoem;

(iii) one person nominated by the Agricultural Research Council; and
(iv) one person designated by the Minister.

(b) The Minister shall appoint the members of the Authority and shall designate one of the members of the Authority as chairperson.

(c) The Minister shall notify Parliament in writing of the appointment of the members of the Authority within 30 days after such appointment.

(d) The process for the appointment of the members of the Authority shall be as follows:

(i) The Minister shall, by notice in the *Gazette* and in any national newspaper circulating in every province of the Republic, invite persons, stakeholders and the liquor industry to submit to the Minister, within a period mentioned in the notice, the names of persons who comply with the criteria referred to in paragraph *(a)*(i);
(ii) the Minister shall establish a selection committee consisting of at least four persons and designate a chairperson for the committee; and
(iii) the selection committee shall, from the nominations submitted to it, compile a shortlist of eligible candidates and submit its recommendation to the Minister for the appointment of members to the Authority.

(3) No person shall be appointed as a member of the Authority—

(a) unless he or she is a South African citizen permanently resident in the Republic;
(b) if he or she is an unrehabilitated insolvent;
(c) if he or she has been convicted of an offence under this Act; or
(d) if he or she has been convicted of any offence for which he or she has been sentenced to imprisonment without the option of a fine.

(4) *(a)* A member of the Authority shall hold office, subject to subsection (5), for a period not exceeding three years, and such member shall after the expiration of such period, continue in office until his or her successor has been appointed.

(b) If a member of the Authority ceases to hold office for any reason, the Minister may appoint any person in his or her place for the unexpired period of his or her term of office.

(c) Any person whose term of office as a member of the Authority has expired, shall immediately thereafter be eligible for reappointment without complying with the process contemplated in subsection (2)*(d)*.

(5) *(a)* A member of the Authority shall vacate office if he or she—

(i) becomes disqualified in terms of subsection (3);
(ii) becomes of unsound mind;
(iii) has been absent for more than two consecutive meetings of the Authority without the leave of the chairperson.

(b) Subject to the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000), the Minister may, at any time, remove a member of the Authority from office if, in the opinion of the Minister, sound reasons exist for doing so.

(6) *(a)* The members of the Authority shall at the first meeting of the Authority, and thereafter whenever necessary, elect a deputy chairperson from amongst themselves.

(b) If both the chairperson and the deputy chairperson are absent from a meeting of the Authority, the members present shall from amongst themselves elect a member to preside at such meeting.

(7) *(a)* The first meeting of the Authority shall be held at a time and place determined by the chairperson, and thereafter at such times and places as the Authority may from time to time determine.

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph *(a)*, the chairperson may at his or her discretion call a special meeting of the Authority at such time and place as he or she may determine, with a view to dealing with special or urgent matters, and he or she shall call a special meeting within 14 days of the date on which he or she has received a written request to this effect from the Minister or at least four members of the Authority.

(iii) een persoon deur die Landbounavorsingsraad benoem; en

(iv) een persoon deur die Minister aangewys.

(b) Die Minister stel die lede van die Owerheid aan en wys een van die lede van die Owerheid as voorsitter aan.

(c) Die Minister stel die Parlement skriftelik in kennis van die aanstelling van die lede van die Owerheid binne 30 dae na sodanige aanstelling.

(d) Die proses vir die aanstelling van die lede van die Owerheid is soos volg:

(i) Die Minister moet, by kennisgewing in die *Staatskoerant* en in enige nasionale koerant wat in elke provinsie van die Republiek sirkuleer, 'n beroep op persone, belanghebbendes en die dranknywerheid doen om, binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, die name van persone wat aan die maatstawwe bedoel in paragraaf *(a)*(i), voldoen, aan die Minister voor te lê;

(ii) die Minister stel 'n keuringskomitee van ten minste vier persone aan en wys 'n voorsitter vir die komitee aan; en

(iii) die keuringskomitee, uit die benoemings daaraan voorgelê, stel 'n kortlys van gepaste kandidate saam en lê die Owerheid se aanbeveling aan die Minister voor vir die aanstelling van die lede van die Owerheid.

(3) Niemand word as 'n lid van die Owerheid aangestel nie—

(a) tensy hy of sy 'n Suid-Afrikaanse burger is wat heeltyds in die Republiek woonagtig is;

(b) indien hy of sy 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(c) indien hy of sy kragtens hierdie Wet aan 'n misdryf skuldig bevind is; of

(d) indien hy of sy skuldig bevind is aan enige misdryf waarvoor hy of sy tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonnis is.

(4) *(a)* 'n Lid van die Owerheid beklee die amp, behoudens subartikel (5), vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar, en sodanige lid bly in die amp na die verstryking van daardie tydperk totdat sy of haar opvolger aangestel is.

(b) Indien 'n lid van die Owerheid om enige rede ophou om die amp te beklee, kan die Minister enigiemand in sy of haar plek aanstel vir die onverstreke tydperk van sy of haar ampstermyn.

(c) Enigiemand wie se ampstermyn as 'n lid van die Owerheid verstryk het, word onmiddellik daarna heraanstelbaar sonder dat die proses bedoel in subartikel (2)*(d)*, gevolg word.

(5) *(a)* 'n Lid van die Owerheid ontruim die amp indien hy of sy—

(i) ingevolge subartikel (3) onbevoeg word;

(ii) ontoerekeningsvatbaar word;

(iii) sonder die toestemming van die voorsitter van meer as twee opeenvolgende vergaderings van die Owerheid afwesig was.

(b) Behoudens die 'Promotion of Administrative Justice Act', 2000 (Wet No. 3 van 2000), kan die Minister te eniger tyd 'n lid van die Owerheid uit die amp verwyder indien, na die Minister se oordeel, gegronde redes daarvoor bestaan.

(6) *(a)* Die lede van die Owerheid moet, by die eerste vergadering van die Owerheid en daarna wanneer dit ook al nodig is, 'n ondervoorsitter uit eie geledere verkies.

(b) Indien die voorsitter en die ondervoorsitter albei van 'n vergadering van die Owerheid afwesig is, moet die teenwoordige lede 'n lid uit eie geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit.

(7) *(a)* Die eerste vergadering van die Owerheid word gehou op 'n tyd en plek deur die voorsitter bepaal, en daarna op sodanige tye en plekke soos die Owerheid van tyd tot tyd bepaal.

(b) Ondanks die bepalings van paragraaf *(a)*, kan die voorsitter op eie diskresie 'n spesiale vergadering van die Owerheid saamroep op die tyd en plek wat hy of sy bepaal, met die doel om spesiale of dringende aangeleenthede te hanteer, en hy of sy moet 'n spesiale vergadering saamroep binne 14 dae vanaf die datum waarop hy of sy 'n skriftelike versoek daarvoor van die Minister of ten minste vier lede van die Owerheid ontvang het.

(c) The majority of the members of the Authority shall constitute a quorum for a meeting of the Authority.

(d) The decision of the majority of the members of the Authority present at a quorate meeting shall constitute a decision of the Authority, and in the event of an equality of votes on any matter, the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his or her deliberative vote.

(e) No decision taken by the Authority or act performed on the authority of the Authority shall be invalid merely by reason of a vacancy on the Authority or because a person who was not entitled to sit as a member, sat as such member at the time when the decision was taken or the act was authorised, if such decision was taken or act authorised by a majority of the members present at the time and who were entitled to sit as members of the Authority.

(8) *(a)* The Authority may, either from among its number or in such other manner determined by the Authority, appoint one or more committees to perform, subject to the directions of the Authority, such functions of the Authority as the Authority may determine, or to advise the Authority on any matter in respect of which a function is assigned to the Authority.

(b) The Authority may at any time dissolve or reconstitute a committee contemplated in paragraph *(a)*.

(c) The Authority shall not be divested of any function performed in terms of the provisions of this subsection by any committee of the Authority.

(d) Any decision of a committee may be withdrawn or amended by the Authority or referred back to such committee and shall, until it has been so withdrawn or amended, except for the purposes of this paragraph, be deemed to be a decision of the Authority.

(9) A member of the Authority and a member of a committee referred to in subsection (8) who are not in the full-time employment of the State, may be paid from the funds of the Authority such allowances as the Authority may, with the concurrence of the Minister and the Minister responsible for finance, determine in general or in any particular case.

(10) *(a)* In addition to such functions as may be assigned to the Authority by or under this Act or in terms of a scheme or under any other law, the Authority may—

(i) hire, purchase or otherwise acquire such movable or immovable property as the Authority may deem necessary for the performance of its functions, and may rent, sell or otherwise dispose of property so acquired;
(ii) from time to time raise money by way of loan for the purpose of performing its functions;
(iii) hypothecate its immovable property as security for a loan referred to in subparagraph (ii);
(iv) insure itself against any loss, damage, risk or liability which it may suffer or incur;
(v) enter into agreements for the performance of specific acts or functions or the rendering of specific services;
(vi) from time to time make recommendations to the Minister concerning any matter to which a scheme relates; and
(vii) in general, perform such acts as it may deem necessary or expedient for the efficient performance of its functions.

(b) The work incidental to the performance of the functions of the Authority shall be performed by—

(i) persons appointed by the Authority on such conditions and at such remuneration as the Authority may determine; and
(ii) persons with whom the Authority entered into agreements in terms of paragraph *(a)*(v).

(11) *(a)* The funds of the Authority shall consist of—

(i) money paid to the Authority in terms of this Act or a scheme; and
(ii) money which accrues to the Authority from any other source.

(c) Die meerderheid van die lede van die Owerheid stel ’n kworum vir ’n vergadering van die Owerheid daar.

(d) Die besluit van die meerderheid van die lede van die Owerheid by ’n vergadering daarvan, stel ’n besluit van die Owerheid daar, en in die geval van ’n staking van stemme oor enige aangeleentheid, het die persoon wat by die betrokke vergadering voorsit, ’n beslissende stem benewens sy of haar beraadslagende stem.

(e) Geen besluit deur die Owerheid geneem of handeling op gesag van die Owerheid verrig is ongeldig bloot om rede van ’n vakature in die Owerheid of omdat iemand wat nie die reg gehad het om as lid te sit nie, as sodanige lid gesit het ten tyde van die neem van ’n besluit of die magtiging van die handeling, indien die besluit geneem is of handeling gemagtig is deur die meerderheid lede toe teenwoordig wat geregtig was om as lede van die Owerheid te sit.

(8) *(a)* Die Owerheid kan, hetsy uit eie geledere of op ’n ander manier deur die Owerheid bepaal, een of meer komitees aanstel om, behoudens die lasgewings van die Owerheid, sodanige werksaamhede van die Owerheid te verrig soos die Owerheid kan bepaal, of om die Owerheid van raad te bedien oor enige aangeleentheid ten opsigte waarvan ’n werksaamheid aan die Owerheid toegeken is.

(b) Die Owerheid kan so ’n komitee beoog in paragraaf *(a)* te eniger tyd ontbind of hersaamstel.

(c) Die Owerheid word nie ontdoen van enige werksaamheid ingevolge die bepalings van hierdie subartikel deur enige komitee van die Owerheid verrig nie.

(d) ’n Besluit van ’n komitee kan deur die Owerheid ingetrek of gewysig word of na daardie komitee terugverwys word en moet, totdat dit aldus ingetrek of gewysig is, behalwe by die toepassing van hierdie paragraaf, geag word ’n besluit van die Owerheid te wees.

(9) ’n Lid van die Owerheid en ’n lid van ’n komitee in subartikel (8) bedoel wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, kan uit die fondse van die Owerheid die toelaes wat die Owerheid, met die instemming van die Minister en die Minister verantwoordelik vir finansies, oor die algemeen of in ’n bepaalde geval vasstel, betaal word.

(10) *(a)* Benewens die werksaamhede wat deur of kragtens hierdie Wet aan die Owerheid toegewys kan word of ingevolge ’n skema kragtens ’n ander wet, kan die Owerheid—

(i) sodanige roerende of onroerende eiendom huur, koop of andersins verkry wat die Owerheid mag nodig ag vir die verrigting van die Owerheid se werksaamhede, en kan eiendom aldus verkry verhuur, verkoop of andersins daaroor beskik;

(ii) van tyd tot tyd by wyse van ’n lening geld vir die verrigting van die Owerheid se werksaamhede verkry;

(iii) die Owerheid se onroerende eiendom verhipotekeer as waarborg vir ’n lening in subparagraaf (ii) bedoel;

(iv) die Owerheid teen enige verlies, skade, risiko of aanspreeklikheid wat die Owerheid kan ly of opdoen, verseker;

(v) ooreenkomste aangaan vir die verrigting van bepaalde handelinge of werksaamhede of die lewering van bepaalde dienste;

(vi) van tyd tot tyd aanbevelings aan die Minister doen aangaande enige aangeleentheid waarop ’n skema betrekking het; en

(vii) oor die algemeen sodanige handelinge verrig wat die Owerheid nodig of dienstig ag vir die doeltreffende verrigting van die Owerheid se werksaamhede.

(b) Die werk insidenteel tot die verrigting van die werksaamhede van die Owerheid word verrig deur—

(i) persone deur die Owerheid aangestel op sodanige voorwaardes en teen sodanige vergoeding soos die Owerheid bepaal; en

(ii) persone met wie die Owerheid ingevolge paragraaf *(a)*(v) ooreenkomste aangegaan het.

(11) *(a)* Die fondse van die Owerheid bestaan uit—

(i) geld ingevolge hierdie Wet of ’n skema aan die Owerheid betaal; en

(ii) geld wat van enige ander bron aan die Owerheid toeval.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(b) The Authority shall utilise its funds for the defrayal of the expenses incurred by the Authority in the performance of its functions.

(c) The Authority shall open an account with an institution registered as a bank in terms of the Banks Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), and shall deposit in that account all money received in terms of paragraph *(a)*.

(d) The Authority may invest any of its money not required for immediate use.

(12) *(a)* The financial year of the Authority shall end on such date in each year as the Authority may determine.

(b) The Authority shall—

(i) cause adequate records to be kept of money received or expended by it, and of its assets, liabilities and financial transactions; and

(ii) as soon as possible, but not later than three months after the end of each financial year, cause annual financial statements to be prepared showing, with the appropriate particulars, money received and expenditure incurred by it during, and its assets and liabilities at the end of, the said financial year.

(c) The records and annual financial statements referred to in paragraph *(b)* shall be audited by a person registered as an auditor in terms of the Auditing Profession Act, 2005 (Act No. 26 of 2005).

(13) *(a)* The Authority shall, within six months at the end of each financial year, submit to the Minister a copy of the audited annual financial statements referred to in subsection (12)*(c)*, together with a report on the activities of the Authority during that financial year.

(b) Copies of the annual financial statements and of the report referred to in paragraph *(a)* shall—

(i) be open to public inspection at the office of the Authority during office hours; and

(ii) be obtainable from the Authority against payment of the amount as may be determined by the Authority.''.

Amendment of section 4 of Act 60 of 1989

3. Section 4 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) No person shall sell or produce for sale any product—

(a) with an alcohol content of more than **[one]** 0.5 per cent for drinking purposes; or

(b) including but not limited to a powder form, which, combined with any substance or liquid, will have an alcohol content of more than **[one]** 0.5 per cent and is intended for drinking purposes,

unless that product is a liquor product.'';

(b) by the insertion of the following subsection after subsection (1):

''(1A) The Minister may grant exemption, under such circumstances and subject to such conditions as he or she may prescribe, from a prohibition referred to in subsection (1)*(b)*.''; and

(c) by the deletion of paragraph *(a)* of subsection (2).

Amendment of section 6 of Act 60 of 1989

4. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (3) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* add to or remove from the juice **[of fresh fruit]**, reconstituted juice, mixture of juice and reconstituted juice or the alcoholic fruit beverage produced therefrom, any substance other than a substance prescribed for this purpose; and''.

(b) Die Owerheid moet die Owerheid se fondse gebruik om die uitgawes deur die Owerheid in die verrigting van die Owerheid se werksaamhede aangegaan, te dek.

(c) Die Owerheid moet 'n rekening by 'n instelling ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), as 'n bank geregistreer, oopmaak en moet alle geld ingevolge paragraaf *(a)* ontvang in daardie rekening deponeer.

(d) Die Owerheid kan enige van die Owerheid se geld wat nie vir onmiddellike gebruik benodig word nie, belê.

(12) *(a)* Die boekjaar van die Owerheid eindig op sodanige datum elke jaar wat die Owerheid kan bepaal.

(b) Die Owerheid moet—

(i) afdoende rekords laat hou van geld deur die Owerheid ontvang of uitgegee en van die Owerheid se bates, laste en finansiële rekords; en

(ii) so gou as moontlik, maar nie later nie as drie maande na die einde van elke finansiële jaar, finansiële jaarstate laat voorberei wat, met die gepaste besonderhede, geld ontvang en uitgawes aangegaan deur die Owerheid tydens, en die Owerheid se bates en laste aan die einde van, die genoemde boekjaar toon.

(c) Die rekords en finansiële jaarstate in paragraaf *(b)* bedoel, word geouditeer deur 'n persoon ingevolge die 'Auditing Profession Act', 2005 (Wet No. 26 van 2005), geregistreer.

(13) *(a)* Die Owerheid moet binne ses maande vanaf die einde van elke boekjaar, 'n afskrif van die geouditeerde finansiële jaarstate in subartikel (12)*(c)* bedoel aan die Minister voorlê, saam met 'n verslag oor die Owerheid se aktiwiteite deur die loop van daardie finansiële jaar.

(b) Afskrifte van die finansiële jaarstate en van die verslag in paragraaf *(a)* bedoel—

(i) moet tydens kantoorure vir openbare insae by die kantoor van die Owerheid beskikbaar wees; en

(ii) moet van die Owerheid verkry kan word na betaling van 'n bedrag soos deur die Owerheid bepaal.''.

Wysiging van artikel 4 van Wet 60 van 1989

3. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Niemand mag 'n produk—

(a) met 'n alkoholinhoud van meer as **[een]** 0.5 persent vir drinkdoeleindes verkoop of vir verkoop produseer nie; of

(b) insluitend maar nie beperk nie tot 'n poeiervorm, verkoop of vir verkoop produseer wat, na kombinasie met 'n stof of vloeistof, 'n alkoholinhoud van meer as **[een]** 0.5 persent sal hê en vir drinkdoeleindes bedoel is nie,

tensy daardie produk 'n drankproduk is.'';

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

''(1A) Die Minister kan vrystelling toestaan onder sodanige omstandighede en behoudens sodanige voorwaardes wat hy of sy voorskryf, van 'n verbod in subartikel (1)*(b)* bedoel.''; en

(c) deur paragraaf *(a)* van subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 6 van Wet 60 van 1989

4. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (3) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* enige ander stof as 'n stof wat vir dié doel voorgeskryf is, by die sap **[van vars vrugte]**, hersaamgestelde sap, mengsel van sap en hersaamgestelde sap of die alkoholiese vrugtedrank wat daarvan geproduseer is, voeg of daaruit verwyder nie; en''.

Insertion of sections 6A, 6B and 6C in Act 60 of 1989

5. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 6:

"**Requirements regarding beer**

6A. (1) Beer shall—

(a) be produced by the alcoholic fermentation of wort prepared from starch and sugar containing raw materials with or without the addition of potable water;

(b) except where expressly provided otherwise by regulation—

(i) be flavoured with hops or hop products;

(ii) be produced in such a manner that at least 35 per cent of the fermentable extract of the wort is derived from malted barley or malted wheat; and

(c) be produced in such a manner that it is of a prescribed class and complies with the prescribed requirements for the class concerned.

(2) Beer shall not contain a particular prescribed substance to a greater extent than that prescribed.

(3) No person shall, either before, during or after the alcoholic fermentation referred to in subsection (1)*(a)*—

(a) add to or remove from the water, wort, raw materials or the beer produced therefrom or the hops or hop products, any substance other than a substance prescribed for this purpose; and

(b) add or remove a substance prescribed under paragraph *(a)*, otherwise than in accordance with the prescribed manner or conditions.

Requirements regarding traditional African beer

6B. (1) Traditional African beer shall—

(a) (i) be produced by the alcoholic fermentation of malted grain of sorghum, maize, finger millet or pearl millet, or unmalted grain or meal of sorghum, maize, finger millet or pearl millet;

(ii) be in a state of alcoholic fermentation, or not have its alcoholic fermentation arrested;

(iii) contain at least four per cent solids derived from the grain or meal referred to in subparagraph (i); and

(iv) not contain or be flavoured with hops or any product derived from hops;

(b) be a powder, which—

(i) comprises not more than three parts by mass of milled sorghum or maize malt;

(ii) comprises not less than seven parts by mass of milled, precooked maize or unmalted sorghum grain or meal; and

(iii) does not contain or is not flavoured with hops or any product derived from hops; and

(c) be produced in such a manner that it is of a prescribed class and complies with the prescribed requirements for the class concerned.

(2) Traditional African beer shall not contain a particular prescribed substance to a greater extent than that prescribed.

(3) No person shall, either before, during or after the production of a traditional African beer—

(a) add to or remove from the raw materials, in processed form or not, or the traditional African beer produced therefrom, any substance other than a substance prescribed for this purpose; and

(b) add or remove a substance prescribed under paragraph *(a)*, otherwise than in accordance with the prescribed manner or conditions.

Invoeging van artikels 6A, 6B en 6C in Wet 60 van 1989

5. Die volgende artikels word hierby na artikel 6 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Vereistes aangaande bier**

6A. (1) Bier—

(a) word geproduseer deur die alkoholiese gisting van wort voorberei van stysel en suiker wat rou materiale bevat met of sonder die byvoeging van drinkwater;

(b) moet, buiten waar uitdruklik by regulasie anders bepaal—

(i) met hops of hopsprodukte gegeur wees;

(ii) op so 'n wyse geproduseer word dat ten minste 35 persent van die gisbare ekstrak van die wort van gemoute gort of gemoute koring verkry is; en

(c) word op so 'n wyse geproduseer dat dit van 'n voorgeskrewe klas is en aan die voorgeskrewe vereistes vir die betrokke klas voldoen.

(2) Bier moet 'n bepaalde voorgeskrewe stof nie tot 'n groter mate as voorgeskryf, bevat nie.

(3) Niemand, hetsy voor, tydens of na die alkoholiese gisting in subartikel (1)*(a)* bedoel—

(a) mag enige stof anders as 'n stof vir hierdie doel voorgeskryf, by die water, wort, rou materiale of die bier daarvan geproduseer of die hops of hopsprodukte voeg of daarvan verwyder nie; en

(b) mag 'n stof kragtens paragraaf *(a)* byvoeg of verwyder nie, behalwe ooreenkomstig die voorgeskrewe wyse of voorwaardes.

Vereistes aangaande tradisionele Afrika-bier

6B. (1) Tradisionele Afrika-bier moet—

(a) (i) geproduseer word deur die alkoholiese gisting van gemoute graan van sorghum, mielies, osgras of babalagras, of ongemoute graan of meel van sorghum, mielies, osgras of babalagras;

(ii) in 'n toestand van alkoholiese gisting wees, of die alkoholiese gisting daarvan moet nie stopgesit word nie;

(iii) ten minste vier persent soliede stowwe verkry van die graan of meel in subparagraaf (i) bedoel, bevat; en

(iv) nie hops of enige produk wat van hops verkry is, bevat of daarmee gegeur wees nie;

(b) 'n poeier wees, wat—

(i) bestaan uit hoogstens drie dele per massa van gemaalde sorghum of mieliemout;

(ii) bestaan uit minstens sewe dele per massa van vooraf-gekookte mielies of ongemoute sorghumgraan of mout; en

(iii) nie hops of enige ander produk wat van hops verkry is, bevat of daarmee gegeur is nie; en

(c) op so 'n wyse geproduseer word dat dit van 'n voorgeskrewe klas is en aan die voorgeskrewe vereistes vir die betrokke klas voldoen.

(2) Tradisionele Afrika-bier moet 'n bepaalde voorgeskrewe stof nie tot 'n groter mate as voorgeskryf, bevat nie.

(3) Niemand mag, hetsy voor, tydens of na die maak van 'n tradisionele Afrika-bier—

(a) enige ander stof behalwe 'n stof vir hierdie doel voorgeskryf tot die rou materiale byvoeg of daarvan verwyder nie, hetsy in verwerkte vorm al dan nie, van die tradisionele Afrika-bier daarvan geproduseer; en

(b) 'n stof kragtens paragraaf *(a)* voorgeskryf byvoeg of verwyder nie, behalwe ooreenkomstig die voorgeskrewe wyse of voorwaardes.

Requirements regarding other fermented beverages

6C. (1) Other fermented beverage shall—

(a) be produced by alcoholic fermentation in the prescribed manner of a prescribed substance; and

(b) be produced in such a manner that it is of a prescribed class and complies with the prescribed requirements for the class concerned.

(2) Other fermented beverage shall not contain a particular prescribed substance to a greater extent than that prescribed.

(3) No person shall, either before, during or after the alcoholic fermentation referred to in subsection (1)*(a)*—

(a) add to or remove from the prescribed substance referred to in that paragraph or the other fermented beverage produced therefrom, any substance other than a substance prescribed for this purpose; and

(b) add or remove a substance prescribed under paragraph *(a)*, otherwise than in accordance with the prescribed manner or conditions.''.

Repeal of section 10 of Act 60 of 1989

6. Section 10 of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 11 of Act 60 of 1989

7. Section 11 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* use the word or expression 'beer', 'bier', 'traditional African beer', 'tradisionele Afrikabier', 'alcoholic fruit beverage', 'alkoholiese vrugtedrank', 'grape-based liquor', 'druifbasisdrank', 'spirit-based liquor', 'spiritusbasisdrank', **['specially authorized liquor' or 'spesiaal gemagtigde drank']**, 'other fermented beverage' or 'ander gegiste drank' unless it forms part of a class designation for the liquor product concerned;''; and

(b) by the deletion of paragraph *(b)* of subsection (4).

Amendment of section 16 of Act 60 of 1989

8. Section 16 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* No person shall import any product with an alcohol content of more than **[one]** 0.5 per cent into the Republic for drinking purposes, except on the authority of an import certificate issued by the administering officer.'';

(b) by the substitution in subsection (1)*(b)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

''(i) **[beer, sorghum beer and]** medicine referred to in section 4(2);''; and

(c) by the substitution in subsection (3)*(a)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

''(i) the product concerned is wine, beer, traditional African beer, an alcoholic fruit beverage, other fermented beverages, a spirit, a grape-based liquor or a spirit-based liquor; and''.

Amendment of section 17 of Act 60 of 1989

9. Section 17 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* No person shall export any product with an alcohol content of more than **[one]** 0.5 per cent for drinking purposes, except on the authority of an export certificate issued by the administering officer.'';

